

**Dinsdag 7 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 13:10-17**

**Fokusgedeelte: Matteus 10:11**

**Here, ek sien en hoor U duidelik!**

Nie alle mense ervaar God se hand in hulle lewe op so 'n besondere manier soos die gelowiges nie. So hartseer as wat dit mag klink, is die koninkryk van die hemele nie vir almal so 'n werklikheid nie en begryp nie almal waaroor die hemelse koninkryk werklik gaan nie. Wanneer ons Here Jesus gelykenisse gebruik om die koninkryk van die hemel te verkondig, is dit baie duidelik dat sommige sal kyk, maar niks sien nie, en ander sal hoor, maar niks verstaan nie.

Natuurlik was voldoende kennis en begrip van God en sy koninkryk binne die mens se vermoë, maar deur die sondeval is die ganse mensdom van hierdie gawes beroof! Die sondeval het die mens horende doof en siende blind gemaak. En die mens met sy sondige natuur druk ook spreekwoordelik sy ore en oë toe vir die wil van God. Die versoekinge in die wêreld maak dit ook nie makliker om tot ware kennis van God se koninkryk te kom nie.

Deur die genade van God word die geheime van die koninkryk van die hemel egter sedertdien stukkie vir stukkie geopenbaar aan God se uitverkore kinders wat deur die Heilige Gees vir hierdie kennis ontvanklik gemaak word. Daarom noem Jesus die ware gelowiges “bevoorreg”, om te kan sien en te kan hoor, want baie profete en (skyn)gelowiges (10:17), wou graag hoor en sien, maar hulle het nie die voorreg gehad nie. Die Heilige Gees verlig die verstand en die gees van die ware gelowige om te kan sien en te kan hoor as God die Vader, Seun en Gees Hom in sy volle wese openbaar – in die sterrehemel, oor die ganse aarde en in die lewe van God se kinders.

Gelukkig en geseënd is elkeen wat kan sê: *Here, ek sien en hoor U duidelik ...* in al die fasette van my lewe!

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. OJ (Oekie) Struwig (Frankfort)*